NG Kerk Namibië

# Die Feldmuis

*Die Feldmuis is 24 jaar gelede in Feldstraat gebore*



**- Hebreërs 13 : 2 -**
**Moenie versuim om gasvry te wees nie, want hierdeur het sommige, sonder dat hulle dit weet, engele as gaste ontvang.**

Kameelboom Namibië



## BLITSkyk

Kyk uit in hierdie uitgawe vir:

ONS NEEM AFSKEID
Lees op bladsy 4-9

KONFERENSIE
Lees op bladsy 12-13

RUNDU GEMEENTESTORIE
Lees op bladsy 14-15




Die kantoor se gebou is minder indrukwekkend, maar ons glimlagte is groot en Susan se beskuit bly 'n wenner!

## Koffie Kuiers op DeAar



Daar is dae wat dit rustig is by die Sinodale Kantoor. Elkeen sit agter sy rekenaar, telefone lui, e-posse word beantwoord en die gewone kantoorwerk kry aandag. En dan is daar ander dae, wat meer gereeld gebeur...

Die voordeur gaan dan kort-kort oop. Iemand kom vir 'n vergadering. 'n Taakspan trek by een van die vergaderlokale in. 'n Skriba kom laai iets af of moet vinnig 'n sakie afhandel. Iemand anders het 'n afspraak in die omgewing en besluit daar is darem tyd vir 'n koppie koffie. Soms is dit ons wat op lidmate se knoppies druk om óns te kom help meestal met 'n rekenaar of handearbeid! Party kom van om die hoek in Windhoek en ander moes ver reis om hier te kom.

Op sulke dae voel die Sinodale Kantoor so 'n bietjie soos De Aar-stasie in sy goeie ou dae – mense kom en gaan, paaie kruis en oral gebeur iets! En ons hou daarvan.

Taakspanne maak gereeld van ons vergaderlokale gebruik om weer 'n slag rondom dieselfde tafel te sit eerder as rondom 'n rekenaarskerm. Ons kan nie belowe dat elke vergadering kort sal wees nie, maar vriendelikheid saam met koffie en beskuit is darem gewoonlik deel van die pakket.

Die afgelope tyd het ons weer 'n lekker verskeidenheid mense oor die drumpel gehad. Een leraar het sommer vir twee dae by die kantoor kom "kuier" terwyl hy hard gewerk het. Een kom wys net oë. 'n Ander een kom vir 'n koppie koffie en 'n vinnige kuier wat onverwags 'n kosbare gesprek word oor persoonlike uitdagings, geloof en die maniere waarop die Here juis moeilike paaie gebruik om ons te laat groei.

En dis eintlik die punt van hierdie hele storie. Die Sinodale Kantoor is nie net die plek waar kantoorwerk gedoen word nie. Dit behoort ook 'n ontmoetingsplek van ons kerkverband te wees. 'n Plek waar 'n lidmaat, skriba, leraar of taakspanlid kan instap en weet: Ek is welkom hier. Ons wag met koffie en beskuit!

# Gefokus



# 'n Geloof wat oorgaan

## 'n Woord aan die begin

Feldmuis bedien die NGKN met 'n openingswoord uit die Skrif voorberei deur **Moderamenlede.**

***Psalm 145***
***Ek wil getuig van u magtige dade***

*1 'n Loflied van Dawid. Ek wil u lof verkondig, my God en Koning, ek wil u Naam altyd loof.*
*2 Elke dag wil ek U loof, ek wil u Naam altyd prys.*
*3 Die Here is groot, alle lof kom Hom toe, **sy grootheid is ondeurgrondelik**.*
*4 **Geslag na geslag prys wat U doen en vertel van u magtige dade**,*
*5 van die luister, die heerlikheid van u majesteit. Ek wil getuig van u magtige dade,*
*6 sodat die mense oor u wonderdade sal praat. Ek wil van u grootheid vertel.*
*7 Sonder ophou moet hulle u groot goedheid verkondig en oor u reddingsdade jubel.*
*8 Genadig en barmhartig is die Here, lankmoedig en vol liefde.*
*9 Die Here is vir almal goed en barmhartig oor alles wat Hy geskep het.*
*10 Almal wat deur U geskep is, loof U, Here, en u troue dienaars prys U!*



deur
**Leon Fourie**
Leraar van Outjo,
Skriba van die Noorde Ring,
Voorsitter van Taakspan Missionale Diakonaat
Lid van DEGNOS Bestuursraad
Lid van die Moderamen

In verse 1 - 3 word God se Naam en Sy titel as die Koning besing. In vers 3 lees ons hoe groot God is. Die woord "ondeurgrondelik" is 'n woord wat ons nie meer gereeld gebruik nie. Die begrip ondeurgrondelik, beteken dis iets wat ons nie heeltemal kan verstaan nie. God se grootheid kan nie heeltemal verstaan word nie, dis net te groot. Elke keer as jy 'n deel daarvan leer ken, kom jy agter daar is nog 'n deel en nog 'n deel, ensovoorts.

Ons sukkel vandag met hierdie konsep van ondeurgrondelik omdat ons alles van alles kan weet deur kunsmatige intelligensie om hulp te vra. As ek egter God se grootheid kon deurgrond en dit kon verstaan, sou dit beteken dat Hy nie meer God is nie. Daar is iets heiligs daarin om te erken dat ek nie alles van Hom verstaan nie. As ek Hom totaal en al kon vaspen, sou ek Hom kon beheer, Hom kon verklaar, Hom mooi in 'n boksie kon plaas en sit waar ek Hom wou hê. Die Hebreeuse woord vir ondeurgrondelik beteken letterlik "daar is geen ondersoek wat Hom volledig kan peil nie, geen einde aan die soektog nie".
Dis soos die see. Ons kan daar langs loop, daarin swem, dit geniet, en dit selfs bestudeer, maar niemand kan ooit sê hulle ken die hele oseaan nie. Daar word gesê dat ons meer van die buitenste ruimte weet as wat in die diepste see aangaan. So is God ook, net soveel groter. Ons sal Hom nooit ten volle ken nie.

Die woorde "ek wil" kom 'n paar keer voor in die psalm. Daar gebeur iets as ons nederig kom staan voor God wat groter is as enige iets: Ons word tot aksie beweeg. Ons kan nie anders as om te begin om God te loof en prys nie. Dis asof iets in ons aangeskakel word, bewustelik of onbewustelik, om hierdie groot God te prys. Daarmee saam om van Hom te getuig soos in verse 5-7. Ons begin om vir almal te vertel van Sy werke, Sy grootheid, goedheid, genade, barmhartigheid en veral Sy liefde.

As ek God werklik leer ken, word ek 'n storieverteller. Daarmee saam getuig ons, soos ons in vers 4 lees, van wat Hy van geslag na geslag doen.



Die kerk is altyd een geslag weg van ophou bestaan. As die geloof nie na die volgende geslag oorgedra word nie, maak ons die kerk se deure toe. Dan gebeur wat in Rigters 2:10 gebeur het: Al die mense van sy leeftyd het gesterf, en die volgende geslag se mense het nie die Here geken nie. Hulle het ook nie geweet van Sy groot dade wat Hy gedoen het om vir Israel te help nie. As ons geloof nie tasbaar word nie, is ons geloof iets wat saam met ons sal sterwe. Een geslag se stilte kan die volgende geslag se onkunde word.

Weet jou kinders en kleinkinders van hierdie God wat jy dien? Weet hulle hoe God al na jou gekyk het? Die wonders wat jy al beleef het? Om vir die geslag na ons te vertel van Jesus is nie net die kategese se werk nie, inteendeel, dis heel eerste jou as ouer se werk, jou as grootouer se werk. Maak jy jou kinders honger om in verhouding met God te wees? Ons leer in Deuteronomium 6:4-7, "Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here. Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag. Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan."

In verse 8 en 9 lees ons van God se karaktereienskappe: Genadig en barmhartig is die Here, lankmoedig en vol liefde. Die Here is vir almal goed en barmhartig oor alles wat Hy geskep het. Glo jy dit? Glo jy die Here is genadig, barmhartig, lankmoedig en vol liefde? Die Psalm begin waar Dawid sê "God is groot". Hier in vers 8 staan dat God goed is. As God net groot was, sou ek Hom vrees. As God net goed was, sou Hy regtig my kon red? Maar in die Psalm is God oneindig groot en oneindig goed.

***Die wonder van die Evangelie kan só beskryf word: Hierdie God, wat vir my en jou te groot is om volledig te begryp, het Homself in Jesus Christus naby aan ons gebring. God wie se grootheid ondeurgrondelik is, het mens geword. Die Koning van die hemel het gekom om ons te dien. Die heilige God het na sondaars uitgereik. Hierdie God wat niemand ten volle kan peil nie, het gesê: "Kom na My toe."***

Ons hoef nie al Sy paaie te kan verklaar om Hom te kan aanbid nie. Ons hoef nie elke antwoord te hê voordat ons kan sê: "Ek wil U lof verkondig, my God en Koning. Ek wil u Naam altyd loof", nie. Wanneer ons Hom werklik leer ken, kan ons dit nie vir onsself hou nie. Dan vertel ons dit vir ons kinders. Dan vertel ons dit vir ons kleinkinders en ons vriende. Ons vertel van die kere wat God ons gedra het, voorsien het, vergewe het, getroos het en nuwe hoop gegee het. Nie omdat ons elke geheim van God verstaan nie, maar omdat ons iets van Sy goedheid beleef het.

- Mag die volgende geslag nie net van God hoor omdat die kerk vir hulle daarvan vertel het nie.
- Mag hulle iets van Hom in óns sien.
- Mag hulle hoor hoe ons bid.
- Mag hulle sien hoe ons Hom vertrou.
- Mag hulle beleef hoe ons vergewe.
- Mag hulle sien dat ons hoop het, selfs wanneer die lewe moeilik word.
- Mag hulle deur ons lewe honger word om hierdie Jesus self te leer ken.

Een geslag se stilte kan die volgende geslag se onkunde word. So ook kan een geslag wat met hulle lewe getuig, 'n volgende geslag help om die Here te leer ken. Dawid, die koning, buig voor God en sê: "Ek wil U lof verkondig, my God en Koning."
Mag dit ook ons antwoord wees. Nie net op 'n Sondag nie. Nie net wanneer die musiek speel nie. Maar elke dag in ons huise, by ons werk, in ons woorde, in ons gebede en in die wyse waarop ons leef.

Want die Here is groot. Sy grootheid is ondeurgrondelik. Die Here is ook goed. Hy is genadig en barmhartig, lankmoedig en vol liefde.

Daarom sal ons Hom loof. Ek wil U lof verkondig, my God en Koning. Ek wil u Naam altyd loof.
Daarom as ek voor hierdie ongelooflike grootheid van God staan wat geen mens kan vasvang nie, as ek na alles kyk wat Hy geskape het, kyk na alles wat Hy doen, kan ek nie anders as dat al die lof Hom toe kom nie!

Ons kan nie die geloof vir die volgende geslag kies nie, maar ons kan hulle wys waarom dit die moeite werd is om Jesus te volg. Ons geloof moet vir hulle sigbaar wees in die manier waarop ons leef, liefhet en hoop. Die vraag is daarom nie net of ons die geloof behou het nie, maar of ons dit só uitleef dat die volgende geslag dit met vreugde wil oorneem.



***Die vraag is daarom nie net: 'Glo ek?' nie.***
***Die vraag is: Is my geloof iets wat die volgende geslag kan oorneem?***
***Mag ons, soos Dawid, sê:***
***"Ek wil U lof verkondig, my God en Koning."***
***Mag die volgende geslag dit by óns leer.***

**Amen**

# WTN neem afskeid

## "Negentien jaar van genade: Die verhaal van Wildernis Terapie Namibië (WTN)."





deur

**Ben D'Alton**

Bestuurder van Wildernis Terapie Namibië

Soms werk God op die eenvoudigste maniere.

Hy plaas 'n droom in iemand se hart, en voordat 'n mens jou kom kry, het daardie droom die lewens van honderde mense aangeraak.

***Só het Wildernis Terapie Namibië (WTN) ontstaan.***

In 2006/7 al het **Pikkie Hoffman**, destyds maatskaplike werker van die Kerklike Maatskaplike Raad (KMR), begin droom oor 'n ander manier om jongmense in nood te bereik. Sy het gesien dat meeste tradisionele benaderings gestigmatiseer is en dikwels nie daarin slaag om diepgaande verandering te bring nie. Die natuur – met sy eenvoud, uitdagings en stilte – het 'n unieke ruimte geskep waar jongmense weer na hulself, na ander en na God kon luister.
Uit hierdie visie is WTN as 'n program van die Kerklike Maatskaplike Raad gebore.

Toe die Kerklike Maatskaplike Raad later ontbind is en **EcSOS (Ecumenical Social Services)** sy werksaamhede oorgeneem het, het WTN as 'n selfstandige program met 'n eie identiteit en bestuur ontwikkel.

> **"Hoewel die organisasie nuwe gestalte aangeneem het, het sy roeping dieselfde gebly: om jongmense deur die transformerende krag van die natuur, betekenisvolle verhoudings en professionele begeleiding te help ontdek dat daar hoop is."**

Niemand kon destyds voorsien hoe ver hierdie bediening sou strek nie. Oor die volgende negentien jaar sou meer as **730 Namibiese jongmense deel word van die WTN familie**. Jongmense wat dikwels met gebroke omstandighede, swak selfbeeld of moeilike lewenskeuses geworstel het, het deur staproetes, kampvure, mentorskap en eerlike gesprekke nuwe moed gevind. Baie het hul skoolloopbane voltooi, nuwe rigting in hul lewens ontdek en begin glo dat hul toekoms nie deur hul verlede bepaal hoef te word nie. Geen bediening soos hierdie word egter deur een persoon gedra nie.

WTN was die verhaal van baie mense wat gehoorsaam was toe God hulle geroep het om 'n rol te speel. Vrywillige mentors, fasiliteerders, bestuurslede, skenkers, borge, gemeentes en voorbidders het saam 'n netwerk van omgee gevorm wat honderde jongmense se lewens aangeraak het.

Aan elkeen wat oor die jare deel van hierdie reis was, wil ons uit die diepte van ons harte dankie sê. Julle gebede, ondersteuning, praktiese hulp en opoffering het dit moontlik gemaak om hierdie bediening byna twee dekades lank voort te sit. Julle het saam met ons geglo dat elke jongmens deur God geskape is met waarde, potensiaal en 'n doel.

Nadat ons anker borg, Brood vir die Wêreld in 2024 moes onttrek, het WTN vir meer as twee jaar alles in sy vermoë gedoen om volhoubare befondsing vir WTN te bekom. Ongelukkig was dit nie moontlik nie. Ná deeglike oorweging, baie gebede en moeilike besluite is daar uiteindelik besluit om die organisasie te ontbind.

## WTN (vervolg)

### Ons kyk daarom terug met diepe dankbaarheid.

Dankbaarheid teenoor die Here wat elke tree van die pad gelei en voorsien het.
Dankbaarheid teenoor Pikkie Hoffman wat gehoorsaam was toe God hierdie visie op haar hart gelê het.
Dankbaarheid teenoor die Kerklike Maatskaplike Raad en later EcSOS wat ruimte geskep het vir hierdie bediening om te groei.
Dankbaarheid teenoor elke medewerker, ondersteuner en voorbidder wat die droom help dra het.
En dankbaarheid teenoor elke jongmens wat ons toegelaat het om 'n ent saam met hom of haar te stap.

Die verhaal van Wildernis Terapie Namibië kom tot 'n einde. God se verhaal gaan egter onverpoosd voort.

> **“Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as alles wat ons bid of dink, volgens sy krag wat in ons werk, aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur all die geslagte heen, tot in alle ewigheid." (Efesiërs 3:20–21) ”**



# WTN Stories van Hoop

Fasiliteerders het 'n kort verslag van elke leerling op elke stap geskryf. Hieronder word insiggwende aanhalings uit hierdie verslae aangehaal wat iets van die waarde en diepte van die werk van WTN uitlig.

### Naukluft

*Die sendingkonferensie se straatkind - “Here wat is U wil”, bid ek woordeloos terwyl die trane oor ons albei se wange loop terwyl hy sy storie, drome, sy seer met my deel, daar onder die Vyftigsent boom op Kapokvlakte.*

### Naukluft

*Dis bitter koud. Die wind sny deur ons, deur die ronde skuiling van Adlerhorst. Ons is almal toegewikkel in ons slaapsakke. Ons doen die monster. ’n Oomblik tevore was ’n gespanne, hartseer-en-trane-oomblik toe die oudste in die groep sy monster snikkend met ons deel. So intens sy belewing en hartseer, dat hy die slaapsak oor sy kop getrek het om homself te beskerm en te vertroos teen die seer. ’n Atmosfeer van diepe meelewing het geheers. Nou is daar die onbedaarlike gelag terwyl die volgende deelnemer sy monster deel.*

### Visrivier

*Sadness, loneliness, hatred and hopelessness were his constant emotional companions. ‘There’s something missing. I long to hear God’s voice. I want to be a new, changed person.’ And he searched and impatiently waited .... The first 3 days he struggled: Sometimes life gets so hard that the only way out is suicide....*
*Sometimes trouble just keeps on coming that it leaves us with pain,*
*Anger, sadness and no desire to live on earth......*
*On day 4 things started opening up for him.*
*Day 5 he had a shouting conversation with the baboons high up on the cliff. When they lost interest and walked away, he continued his conversation with, and was fascinated by his own echo, shouting back. On the other side of the river on the sand we sat laughing at the echo-conversation scene. Suddenly my heart twinges – a healing process is taking place before our eyes without anyone realizing it! Bottled up anger, hatred and frustration released and reached the cliffs .... That night, solo night, he was frightened and Bible verses kept coming into his mind. He realized. It is God speaking to him. At last! He was able to hear and know God’s voice! He climbed down into the canyon with anger – He flew out of the canyon, free as an eagle, amazed by the feeling of lightness. His expectations met to its fullest, rid of unforgiveness, answers found to his questions.*
*I found a new beginning to begin with - I found a new me, a new life and a whole new way of facing life...*
*THANK YOU FISH RIVER CANYON! TO GOD BE THE GLORY.*
*It was worth every step.*

# WTN (vervolg)

## Visrivier

*Daar is nie 'n sweem van 'n glimlag op sy gesig nie. 'n Ernstige frons plooi tussen sy oë. Hy praat stotterend, net die nodigste. Sy ernstige gesig tref almal met die eerste oogopslag.*
*Verantwoordelikheid rus swaar op sy skouers - is die indruk wat mens kry. Selfbewus omdat hy hakkel, daarom hou hy nie van groepsgesprekke nie. Maar hy kan sing. Baie mooi. Hy sing in 'n koor.*
*Hy deel sy lewensboom met ons en trane loop oor sy wange, maar hy voel so verlig daarna.*
*Hy lê daardie aand nog lank en sing. Sy stem klink mooi en sag in die donker stilte van die Visrivier-canyon. Sy lied bring vir hom vrede. Ook vir my en ek raak rustig aan die slaap.*
*Hy hou van swem en is meesal in die water wanneer ons stop. Sy selfvertroue neem toe en hy neem onbewustelik al meer en spontaan deel aan die groepsgesprekke. Sy vrae bring diepte en erns in die gesprekke, want hy wil oor ersntige goed praat. Hy begin meer lag en speel, en is nie meer eenkant nie. Hy sê later self "ek kan nou openlik gesels en jokes maak. Ek kan nou lag, lag is niks".*

## Gaub

*Soos kwiksilwer is hy – daar's nie vashouplek nie. Hy glip uit met sy woorde, met sy lyf. Net soms skemer kommer sy oë. "Ek moet vir my familie sorg, ek moet plan maak." Verrassend rustig en verrassend eerlik tydens evaluering. Gedink dis 'n strafkamp, gaan geslaan word, sonder kos wees."Nou gesien, ons word net gewys, nie geforce nie.*
*Die keuse lê by ons. Ander lande se kinders moet al op 13 jaar oorlog gaan maak. Maar ons, ons kry geleenthede.*
*Ek weet nou ek is ook belangrik - al is ek nie famous nie." Verbaas dat hulle nie geskel is nie – "ons is soos mense behandel".*
*"Hy's nie a coward nie" sê die ander van hom – bereid om sy fears te face, sy foute te erken maar tog...*
*hy sukkel om die positiewe terugvoer te face. "Nee, kom ons sê net die negatiewe van mekaar, dis makliker."*

## Gaub

*Die helfte van dag 1 en hy gooi 'n vloermoer. Gooi homself in die rivierlopie neer, ignoreer ons en bly in die sand lê. Ons stap aan, hy moet kom of bly lê. Hy het die kans om nog om te draai. Maar hy wil nie. Dan sê almal: "dit kan jy ook nie eers doen nie!" Hy hou nie van verloor nie. "Revenge, ek is persoon, ek hou van revenge!"*
*Wat sal hy maak as hy weet dat hy ingedoen is, dat hy in die jongste posisie ingeboelie is. Hy wat op grond van die posisie, gereeld die manne se "arms langer moes maak".*
*Sy hardkoppigheid, wat sy woord wet maak, het ook 'n sterk-wil-kant. 'n Sterk wil wat hom vasberade maak, want hy stap, die sand stof om sy voete soos wat hy swaar deur die sand aan kom, neerval, maar, skaars gerus, weer opstaan wanneer almal begin stap.*
*"Jô die berge is darem laank" hoor ek hom teen die skuinste uit mor, maar hy kom tot waar ons sit en wag. Kom agter hy't sy waterbottel verloor. Gelate draai hy om, weer die skuinste af op soek.*
*Was dit vrees wat hom 'n tweede vloermoer laat gooi?*
*Solo–aand. Hy's kwaad omdat hy tweede laaste sy solo-plek kry en dus ver moes stap. Gooi sy rugsak neer en rol sy slaapsak oop. Wil inklim. Ignoreer ons. Ons bly staan. Wag. Hy kom tog uitcheck. Nors. Klim dadelik in sy slaapsak in. Die son sit nog hoog! Hy't tyd om te dink. "As ek nie change nie, gaan ek 'n juvenile word, sê my Ma. Ek wil iemand word!"*
*Die diploma – sy trots. "Ek het iets om te wys. Julle het gesê ek gaan malkamp toe! Ouens, as julle nie change nie....!"*



WTN (vervolg)

# DANKIE WTN

## Wanneer 'n deur sluit, bly die spore agter 'n Dankboodskap aan Wildernis Terapie Namibië



deur

**Maretha Nortjé**

Skriba van Windhoek-Oos Gemeente
Skriba van Sentraal Ooste Ring
Skriba van Taakspan Missionale Diakonaat
Raadslid van WTN
Lid van die Moderamen

Daar is organisasies wat 'n mens se aandag trek, omdat hulle groot is, baie mense in diens het of indrukwekkende geboue besit.
En dan is daar organisasies wat stilweg, dikwels ver van die kollig af, 'n verskil in mense se lewens maak.

Wildernis Terapie Namibië (WTN) was een van laasgenoemde. Na ongeveer 19 jaar van toegewyde diens aan die jeug van Namibië, sluit WTN nou sy deure.

As raadslid van WTN (namens Taakspan Missionale Diakonaat) is dit vir my moeilik om hierdie woorde te skryf. 'n Mens sê nie maklik totsiens aan 'n organisasie wat oor soveel jare deel geword het van mense se stories, hoop, groei en toekoms nie. Maar vandag wil ons nie treur oor wat tot 'n einde kom nie. Vandag wil ons dankie sê.

WTN het in 2007 ontstaan uit 'n visie van Pikkie Hoffman, die stigter van WTN, met 'n eenvoudige, maar diepgaande vraag:

### Hoe bereik ons jongmense wat nie deur die tradisionele maniere van hulpverlening bereik word nie?

Vir baie jongmense wat met moeilike omstandighede, trauma, uitdagende gedrag of 'n gebrek aan ondersteuning geworstel het, was gewone berading nie altyd die antwoord nie. Pikkie het raakgesien dat daar jongmense is wat op 'n ander manier bereik moet word; jongmense wat soms deur die krake van bestaande strukture val en vir wie 'n gewone gesprek of tradisionele benadering nie noodwendig genoeg is nie.

WTN het daarom iets anders probeer:

### Die Namibiese wildernis het die klaskamer geword.

Die staproete het 'n plek van ontdekking geword. Die berge, klowe, sand en oop ruimtes het 'n veilige omgewing geskep waarin jongmense kon leer om hulself, hul vermoëns en hul potensiaal opnuut te ontdek. Deelnemers is uit hul bekende omgewing geneem en in 'n uitdagende, maar ondersteunende omgewing geplaas. Daar moes hulle aanhou stap wanneer hulle moeg was, aanhou wanneer hulle wou opgee, saamwerk wanneer hulle eerder alleen wou wees en verantwoordelikheid vir hul eie keuses neem.

En soms, tussen die fisiese uitdagings en die lang ure op die staproete, het iets belangriks gebeur: 'n jongmens het begin glo dat hy of sy wel kan.

### Dit is dalk die grootste nalatenskap van WTN – om vir 'n jongmens wat homself of haarself begin verloor het, weer 'n glimp van hoop en moontlikheid te gee.

WTN se werk het egter nie geëindig wanneer daar klaar gestap was nie. Die avontuur is gevolg deur 'n mentorskap-program en kapasiteitsbou. Jongmense is ondersteun om die lesse wat hulle geleer het, terug te neem na hul alledaagse lewe. Loopbaanbegeleiding, lewensvaardighede, persoonlike ontwikkeling en bloot die wete dat daar mense is wat in hulle glo, het deel geword van die reis.

Teen 2026 het WTN ongeveer 730 deelnemers met 90 wildernistoere bereik.
Maar statistiek kan nooit die volle verhaal vertel nie.

**-Elke deelnemer was 'n naam ...**
**-Elke naam was 'n mens ...**
**-Elke mens het 'n storie gehad.**



# WTN (vervolg)

Daar was jongmense wat onseker by WTN aangekom het en later met groter selfvertroue vertrek het.
Daar was jongmense wat moes leer om verantwoordelikheid te aanvaar.
Daar was jongmense wat ontdek het dat hulle sterker is as wat hulle gedink het.
En daar was jongmense wat, miskien vir die eerste keer, ervaar het dat volwassenes bereid is om tyd, energie en moeite in hulle te belê.

WTN se nalatenskap is nie net die aantal kilometers wat gestap is of die aantal deelnemers wat deur die program gegaan het nie. Die ware nalatenskap lê in die lewens wat aangeraak is.

Ons wil daarom vandag besondere dank uitspreek teenoor elke persoon wat oor die jare deel van hierdie reis was.

- **Pikkie Hoffman** – dankie vir die visie. Dankie dat jy raakgesien het wat ander dalk nie raakgesien het nie. Dankie dat jy bereid was om iets nuuts te probeer. Dankie dat jy geglo het dat die wildernis 'n plek kan wees waar jongmense nie net fisies uitgedaag word nie, maar ook emosioneel en geestelik kan groei. 'n Stigter plant dikwels 'n saad sonder om te weet hoe groot die boom uiteindelik sal word.
- Dankie aan die huidige span – **Philip & Janet Vosloo, en Ben D'Alton**.
- Dankie vir julle toewyding, julle harde werk en julle bereidwilligheid om aan te hou, en aan te hou ... selfs wanneer die pad moeilik en vol uitdagings was.
- Aan die **programleiers** wat met passie en volharding gewerk het: dankie. Dankie vir die lang ure, die beplanning en die bereidwilligheid om telkens weer 'n jongmens se hand te vat en saam met hom of haar die volgende tree te gee.
- Aan die **mentors en vrywilligers**: dankie. Julle het gewys dat mentorskap nie altyd groot woorde nodig het nie. Soms beteken dit eenvoudig om daar te wees, te luister, aan te moedig en weer te sê: "Ek glo in jou."
- Aan die **maatskaplike werkers, fasiliteerders** en ander professionele persone wat hul kundigheid beskikbaar gestel het: dankie vir julle besondere bydrae.
- Aan die **ouers, skole, gemeenskapsorganisasies** en ander rolspelers wat hul vertroue in WTN gestel het: dankie dat julle saam met ons in jongmense se potensiaal geglo het.
- Aan elke **borg, donateur en ondersteuner** – groot of klein – wat deur die jare gehelp het om hierdie werk moontlik te maak: dankie. Sonder gemeenskapsbetrokkenheid sou 'n organisasie soos WTN nie kon voortbestaan nie.
- Aan **Lynette Strijbis en die WTN-raad** – dankie vir julle diens. Dankie aan elke raadslid wat oor die jare bereid was om sy of haar tyd, kennis en energie tot WTN se bestuur en voortbestaan by te dra. Raadswerk gebeur dikwels agter die skerms. Tog is dit 'n belangrike verantwoordelikheid om toesig te hou, moeilike besluite te neem, vrae te vra, rigting te help bepaal en die organisasie se belange te beskerm.

## Ons grootste dank gaan aan die jongmense self.

Dankie dat julle bereid was om die stap te neem. Dankie vir julle moed om julle bekende omgewing te verlaat en iets nuuts aan te pak. Dankie vir die dae wat moeilik was en julle tog aangehou het. Dankie vir die bereidwilligheid om te leer, te groei en soms weer van voor af te begin.
Julle het vir ons gewys dat verandering moontlik is.

WTN sluit sy deure. Dit is 'n hartseer werklikheid en een wat met gemengde emosies gepaardgaan. 'n Organisasie se einde beteken egter nie noodwendig dat sy invloed eindig nie.
Die saad wat oor 19 jaar geplant is, leef voort.
Dit leef voort in die jongmense wat hul lewenspad verder stap.
Dit leef voort in die herinneringe van die mense wat deel was van die WTN-familie.
Dit leef voort in die lesse wat op die staproetes geleer is – oor moed, verantwoordelikheid, deursettingsvermoë, vriendskap en hoop.

Miskien is dit die mooiste manier om afskeid te neem:
WTN het nie bloot jongmense deur die wildernis geneem nie. WTN het jongmense gehelp om hul pad deur die lewe te vind. WTN het aan honderde jongmense 'n belangrike boodskap gegee:
Jy is sterker as wat jy dink.
Jy het waarde.
Jy het potensiaal.
En jy hoef nie alleen die pad te stap nie.


Mag ons onthou dat die grootste sukses nie gemeet word aan hoe lank 'n organisasie bestaan nie, maar aan die lewens wat verander is terwyl dit bestaan het.

## WTN (vervolg)

### Aan WTN: Baie dankie!

Dankie vir 19 jaar van hoop.
Dankie vir 19 jaar van moed.
Dankie vir 19 jaar van diens.
Dankie vir 19 jaar waarin Namibiese jongmense saakgemaak het.

Die deure mag nou sluit.
Maar die spore wat WTN in die lewens van mense gelaat het, sal bly voortleef.
Daarvoor sal ons altyd dankbaar wees.





# WTN - Kiekies













# In die Kollig

**Ds Dries Burger, leraar van Windhoek Moedergemeente is 'n boer sonder 'n plaas, want hy boer by boereverenigings! Nie as uitstaller, boerderykundige of belangstellende nie, maar as spreker. Hy word telkens spesiaal uitgenooi as leraar en bedienaar van die Woord om 'n boodskap van hoop en lewe te bring.**
**Die volgende artikel het op die Faceboekblad van *Agriforum Namibian Agricultural Magazine* verskyn.**





**Foto bo verskaf:**
**Ds Dries Burger van die NG Kerk se Moedergemeente in Windhoek het 'n insiggewende toespraak gelewer oor aftrede en die negatiewe persepsie wat die ouergarde verhoed om daaroor te praat. Dit het uitstekend ingepas by die LWV-kongrestema oor afreebeplanning.**

## Sien aftrede as 'n nuwe lewenshoofstuk'

*Aftrede gaan oor veel meer as net die bereiking van 'n sekere ouderdom. Die meeste mense dink dit beteken jy gaan niks doen vir die res van jou lewe nie. Die realiteit is dat dit 'n doelbewuste kopskuif en ingesteldheid vereis. Sien dit eerder as 'n nuwe lewensfase of hoofstuk, met nuwe opwindende doelwitte.*
*Ingesteldheid of mindset is die lens wat gebruik word om na die lewe te kyk. Dit bepaal hoe stres hanteer en besluite geneem word. Dit funksioneer soos die sagteware van 'n rekenaar wat deurlopend in die agtergrond loop.*

*Aan die woord is ds Dries Burger van die NG Kerk se Moedergemeente in Windhoek, wat tydens die onlangse Landbouwerkgewersvereniging se kongres 'n belangrike blik gegee het op psigologiese en praktiese aanpassings wat met aftrede gepaardgaan. "In die neurowetenskap en sielkunde is dit bekend dat die menslike brein altyd na dit soek wat stabiel en voorspelbaar is. Die oomblik wanneer die konsep van aftrede ter sprake kom, skud dit hierdie gevoel. Gevolglik protesteer die brein en skop verskeie verdedigingsmeganismes in omdat dit nie 'n aangename plek is om te wees nie."*

*Volgens die NG-leraar het alle mense, ongeag kultuur of ouderdom, 'n behoefte om waarde tot hulle lewe te voeg. Daarom skep aftrede dikwels 'n negatiewe persepsie wat mense aan die woord uittree laat dink of om uit die pad uit te kom. Dit laat mense minderwaardig voel. "In baie opsigte is dit die begin van iets nuut. 'n Persoon kan steeds waarde toevoeg en 'n betekenisvolle lewe lei. Onthou God het vir Abraham eers op die ouderdom van 75 geroep. Hy is nooit klaar met 'n mens nie."*

# Bevestigings-Nuus

Op Sondag, 26 Julie 2026 is ds Louwrens Muller amptelik as diensleraar in NG Pionierspark bevestig. Ds Erik van Zyl het die bevestiging behartig.
Die gemeente skryf opgewonde op hul Facebookblad *"Hy is nou ons nuwe Ds. hier by Pionierspark Gemeente! Ons is dankbaar en opgewonde oor die pad wat voorlê"*.
Sy gesin by name, Jacorien sy vrou en hul twee kinders Salmon en Elisja het die besonderse geleentheid saam met Louwrens meegemaak. Sien die foto links onder van die nuwe leraarspaar.





Dr Zack Pienaar is Sondag, 9 Augustus as Gekoppelde Leraar by Windhoek-Oos Gemeente bevestig. Dit was 'n mooi geleentheid waar spesiale besoekers van ander denominasies in beduidende getalle teenwoordig was. Dr Eddie Turner het die bevestiging behartig en dr Pienaar het die diens gelei.

Op die dag het dr Zack die gebruiklike tradisie by Windhoek-Oos voortgesit om 'n boom te plant. Die Pienaar-boom is 'n wilde olyfboom.









# Klein Gemeente






## Konferensie

Dr Zack Pienaar (foto regs), predikant in sinodale diens wat die Kokerboom bediening lei, het 'n hart vir klein gemeentes. Elkeen wat 'n tydjie met hom deurgebring het sal dit kan beaam en waarskynlik die frase "*small churches are beautiful*" uit sy mond gehoor het! Hy praat passievol oor die krag van gemeentes (al is hulle klein) en gebruik daarom die beeld van die Kokerboom wat eie is aan Namibië.

Die afgelope naweek was daar 'n Kokerboom of te wel Klein Gemeente Konferensie gehou.
Ds. Willem-Henri den Hartog, leraar van die Protestantse Kerk in Nederland gestuur na Zimbabwe deur die Nederlandse Gereformeerde Zendingsbond (GZB) bedien saam met sy wederhelfte, Ditteke. Hy deel sy belewenis van die Konferensie met ons.



Foto bo: Zack spreek die gemeentes toe. Foto onder: Willem den Hartog aan die woord

### Willem-Henri skryf

"*Op Farm Dabib, in die woestyn van Suid-Namibië naby Mariental, het die Kokerboom-konferensie van 14 tot 16 Augustus plaasgevind. Sowat 60 kerkleiers uit die hele Namibië het saam nagedink oor die vraag hoe klein, kwesbare gemeentes opgebou kan word.*

*Ouderlinge, diakens en predikante uit twintig verskillende kerke het daardie naweek bymekaargekom by hierdie bediening van die NG Kerk. Vanuit die Woord van God, deur middel van werkswinkels en deur na mekaar te luister, het die kerkleiers gesoek na maniere om ook in kwesbare omstandighede kerk te wees.*

*Die Covid-19-pandemie was 'n groot keerpunt in Namibië. Sommige kerke is feitlik uitgedun. 'n Predikant met 'n meestersgraad het vertel dat hy aan die begin van hierdie jaar beroep is na 'n gemeente waar net die ouderling en sy gesin oorgebly het.*



## Klein Gemeente (vervolg)

Dit was 'n geloofstap. Intussen woon ses gesinne die eredienste by. "'n Klein begin is groot gewin," het een van die sprekers die deelnemers aangemoedig.

Die sprekers vanjaar was, naas ds. Dr. Zack Pienaar, stigter van Kokerboom, prof. dr. Kobus Schoeman (Universiteit van die Vrystaat), dr. Ricardo Kayster (Verenigde Gereformeerde Kerk Noord-Kaap) en dr. Dawid Mouton (Stellenbosch Universiteit). Dr Mouton het daarop gewys dat verandering in die kerk dikwels traumaties is en het gepraat oor die vraag hoe ons vanuit verdriet tot vernuwing kan kom.

Dr. Zack het ons daarop gewys dat ons, ons nie blind moet staar teen groot gemeentes nie. Hulle vra 'n heel ander benadering. In 'n groot gemeente het jy 'n CEO-predikant; 'n klein gemeente het meer behoefte aan 'n pastorale predikant. Juis oor hierdie soort groot gemeentes is daar al boeke vol geskryf en word hulle dikwels op sosiale media as suksesverhale voorgehou.
Hoewel klein gemeentes wêreldwyd in die meerderheid is, is daar veel minder teologiese besinning oor hulle beskikbaar.

Vanuit die Skrif mag ons egter weet dat God nie 'n God van getalle is nie, maar 'n God wat in die harte van mense werk. Ook 'n familiekerk in die woestyn kan op missionêre en diakonale gebied 'n verskil maak!


Dit is te hoop dat die praktiese benadering van Kokerboom tot gemeente-opbou ook in ander dele van die wêreld sal bot. ”

Kokerboom
SMALL CHURCHES ARE BEAUTIFUL
BOU KLEIN STERK GEMEENTES
Center for Healthy Congregations

**Foto onder:**
**'n Mens kan sien daar word gewerk!**
**Die gemeentelede van die verskillende denominasies luister aandagtig tydens die konferensie.**



# Gemeentes



"en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis"
**1 Petrus 2: 4-6**

*Wat gebeur in ons NG Gemeentes?*

*Ons wil graag die stories en getuienisse hoor wat gemeentes het om te deel.*
*Kontak ons by ngkerknamibie@gmail.com om jul verhaal te vertel.*




## NG Rundu

## Hulle storie...

Rundu, is geleë op die wal van die Kavangorivier. Dit is die hoofstad en grootste dorp in die Kavango-Oos. 'n Besige dorp en 'n ekonomiese "hub" vir omliggende gebiede. Rundu is ook die deurgangstop vir menigte toeriste. Die dorp wemel van voetgangers en die getoet van taxi's is tot laatnag hoorbaar - die dorp woel.

Hierdie jaar is dit nie net die dorp wat so woel nie. Daar is 'n groot opgewondenheid in die konsistorie en kerkkantoor van die Rundu Christen Gemeente.



Om die tafel word beplan, ou registers opgesoek, foto's bymekaar gemaak, ou lidmate opgesoek, want hierdie jaar, 2026, is dit die vyftigste jaar wat die gemeente die Lig van God uitdra en Sy deugde besing. Saterdag 12 September 2026 vier Rundu Christen Gemeente hierdie spesiale jaar. Vyftig is tog mos die getal vir jubel, vryheid en Heilige Gees.

So tussendeur die beplanning en gewerskaf kom die staaltjies en die "onthou-jy-nog"-verhale. Rundu was nie altyd 'n groot besige dorp nie. Die dorp het saam met die rivier sy loop geneem.

In 1856 was dit net bosse, bome, wild en olifante. Natuurlik ook die seekoeie en krokodille in die Kavango rivier. In 1936 is die eerste kliphuis gebou, toe die biblioteek en toe volg die poskantoor en die staatshospitaal. Gedurende 1976 was daar ook net een winkel, die BBK. Net standaarditems was beskikbaar en so het die "lysie transport" bediening ontstaan.

Enigeen wat Grootfontein toe gaan, moet weet hy of sy koop vir die hele Rundu!

Ds Gerrit vertel van 'n keer toe die toiletpapier opgeraak het en hy met 'n bakkie vol toiletpapier, 'n rol in elke erf gegooi het. Daar was ook dikwels kragonderbrekings. Een aand tydens 'n kerkraadsbevestiging het die krag weer afgegaan. Ds Gerrit moes met sy flits op elke broer lig om hulle antwoord op die roeping te kon bevestig.

Vandag is Rundu toegebou met verskeie winkels en besighede - van die bos het niks oorgebly nie.

Die kerk het ook aangeloop: In 1964 het die bediening van die sakramente by 'n padkamp in die Rundu-wyk plaasgevind. Nou pryk daar 'n volwaardige kerkgebou met aktiewe gemeentelede.

## Gemeentes (vervolg)



Waar die gemeente twee keer per jaar deur 'n leraar van Grootfontein besoek is, kry Rundu NG kerk in 1967 haar eerste permanente predikant in die persoon van Ds Gerrit Theron. Aanddienste is gehou in die Noordgrens-skoolsaal.
Hoe groot is God se Goedheid en Genade dat Ds Theron in persoon teenwoordig kan wees. Die lang grondpad tussen Grootfontein en Rundu lei tot afstigting vir Rundu in 1976.
Waar die Gees van God is, is daar altyd 'n behoefte aan 'n aanbiddingslokaal. Die perseel van Rundu se dieretuin is geïdentifiseer vir die bou van 'n kerk en op 12 November 1983 is die nuwe kerkgebou ingewy.
In 2007 is die naam gewysig na Rundu Christen Gemeente.

Daar is besluit dat Rundu Christen Gemeente sal voortbestaan as 'n NG Kerk, maar dat lede van ander denominasies deel sal wees van die gemeente - dit word 'n gemeenskapskerk.
Vyftig jaar later dra Rundu Christen Gemeente steeds haar Lig na die gevangenis, die hospitale, die gemeenskap. Saam loof ons die Here vir Sy wonderwerke. Met verwagting sien ons uit na die volgende 50 jaar saam met God en Sy kerk in Rundu.
"Halleluja! Loof die Here, want Hy is goed, want sy goedertierendheid is tot in ewigheid. Wie kan die magtige dade van die Here uitspreek, al sy roem verkondig?" (Ps 106:1-2) " Daarop hoor ek die stem van die Here wat sê: Wie sal Ek stuur? En wie sal vir ons gaan? Toe antwoord ek: Hier is ek, stuur my." (Jes 6:8)

# Wat gebeur nog in ons NG Gemeentes?

## NG Mariental

### Twee groot gebeure in een naweek

Mariental Gemeente woel vroeg in September. Saterdag 5 September word 'n hele namiddag van Rugby gehou. By die geleentheid tree oudspringbokspeler, Thys Burger op en gesels oor die 1981-rebellietoer. Rudi Visagie ook bekend as Vleis, tree ook op. As jou gasspreker "vleis" heet, moet mens maar sorg vir heerlike gebraaide vleis om die atmosfeer te behou.

Bederf jou man (of vrou!) met 'n kaartjie.

Binne dieselfde naweek en sommer die volgende dag, Sondag 6 September, verander die fokus weg van sport as inspirasie tot 'n getuienisgeleentheid waar lidmate met die genade van God bedien word. Gassprekerpaartjie Rudi en Frieda Visagie spreek die gaste toe. Dis 'n oggend van hoop terwyl hulle hul verhaal deel.

Kontak die kerkkantoor vir meer inligting.



Gemeentes (vervolg)




# NG Eros

## SING Namibië

Eros Gemeente het op Saterdag 8 Augustus behoorlik die sterre laat skitter toe hulle die kerk se dak af gesing het. Dit was voorwaar 'n diep, geestelike geleentheid vol lofprysing en aanbidding voor God.

'n Gedeelte van die program is Sondag tydens die erediens op 9 Augustus herhaal.

Die verhoogarea vir die optrede was propvol instrumente, musikante en sangers. Van die eerste lied tot die laaste een het die lidmate saamgesing tot eer van God.



Kom ons kyk of ons volgende jaar al die Windhoek Gemeentes kan laat saam sing en saam musiek maak - of selfs wyer as Windhoek! Dit is immers "Sing Namibië".



Feldmuis het verneem dat Vise-President Lucia Witbooi, Sondag 16 Augustus die erediens by Eros bygewoon het. Dit moet wees omdat sy die vorige naweek, tot by haar ampswoning, die musiek Saterdagaand én weer Sondagoggend kon hoor!



**Foto's regs vertel die verhaal: Musikante wat uit volle bors sing en met hul hele hart musiek maak. Terwyl Eros uit haar nate bars! Wat 'n mooi getuienis.**

Soli Deo Gloria!

Gemeentes (vervolg)

# NG Leonardville

## Huldeblyk aan Floors



Ons het met hartseer en skok verneem van die skielike afsterwe van die eggenoot van Ellen Burger, die skriba van Leonardville gemeente 'n week en 'n half gelede. Ds André Olivier, leraar van Leonardville het die begrafnisdiens gelei.
Ds Hanno Visser van Gochas, wat die voormalige leraar van Leonardville was, het 'n treffende huldeblyk aan Floors geskryf:

## Hanno skryf

> “Hoe sal daar begin word om die kleurvolle lewe en karakter van Floors Burger te beskryf?

So as ‘n familieman, gesinsman, gemeenskapsman, kerkman, boer en vleiskenner vertel elkeen van hierdie beskrywings fasette van sy lewe. 'n Man met 'n droë sin vir humor wat so lekker uit sy maag uit kon lag. Hy kon met tye so 'n glimlaggie kry, dan het hy sy mondhoeke op 'n plooi getrek en ‘n vonkel in die oog gehad. Hy het sy emosie op sy mou gedra, nie ‘n moordkuil van sy hart gemaak nie en jy het altyd geweet waar jy met hom gestaan het. Gelees teen die agtergrond van ‘n generasie waar dit soms taboe was om emosie te wys, het dit hom uniek gemaak wat hom laat uitstaan het en toeganklik gemaak het. Die wel en wee van sy gesin was vir hom belangrik gewees.

As familieman en gesinsman het hy sy arms basies stompies en sy vingers tot op die been gewerk om seker te maak dat hulle goed versorg is. Sy liefde vir sy gesin het geen perke geken nie.
'n Liefde vir kinders, veral sy kleinkinders, of dit nou sy eie bloed was of nie, het hy besit. Hy was net eenvoudig oupa gewees vir almal. By spesiale geleenthede soos by ‘n doop of ‘n troue het sy alreeds breë bors ekstra ver uitgestoot. By die kleinkinders se dope was daar net vreugde op sy gesig gewees. Pure dankbaarheid.

Verliese in die familie het hy met moedigheid hanteer. Alhoewel dit vir hom met tye swaar was, het hy probeer om sy hele familie nader aan mekaar te bring. Hy was die stukkie gom in die familie wat ou Johantjie so lekker kon terg.

As gemeenskapsman het hy met knap en behendige handvaardighede 'n groot verskil op voetsoolvlak gemaak. Soos om ‘n rolstoel te soldeer wat nog nie op die mark was nie, enig in sy soort en klas. 'n Gebaar wat op daardie tydstip as ‘n uitkoms beleef is.

Toe die dorpswater in September 2017 afgesny is, het hy daardie namiddag tydelike watertenks kom opsit en dit met Kleingeluk se boorgatwater volgemaak.

Hy het al sy gewig ingegooi by Huis Deon Louw op Gobabis. Daar het hy ‘n verskil gemaak deur reuse bydraes te lewer.

Met 'n oop hand teenoor sy medemens het hy geleef, dit wat hy kon gee, het hy. In die boerevereniging het hy dikwels sy hand opgesteek as werk uitgedeel is, al het dit dalk sy program onder druk gesit. Tydens vergaderings is sy stem ook dikwels gehoor: enige projek kon op sy knoppie druk.

Geloftefeeste by Vredenlus se feeshuis het hy nie sommer gemis nie, 'n saak wat vir hom naby aan die hart gelê het. Alles hiervan was deel van die rol wat hy in die gemeenskap gespeel het. 'n Man met 'n uitnemende hoë werksetiek. 'n Meer lojale vriend sal 'n mens sukkel om te kry - as hy jou rug gehad het, dan het hy jou rug gehad.

## Gemeentes (vervolg)

As kerkman het hy sy ouderlingstake ernstig opgeneem en selfs by die predikant 'n paar keer huisbesoek gedoen. Geen stukkie diens was benede hom nie. So ook met dankfeesveilings, basaars sowel as ander funksies het hy dubbel-en-dwars sy deel gedoen. Van 'n bod opjaag by losgoedveilings af, vinnig 'n paar koedoes gaan skiet vir die gemeente se Windhoek-Wes-vleisprojek tot waar hy gehelp het om met behendigheid vinnig 'n paar springbokkarkaste uitmekaar te haal. Hierdie tipe praktiese diens het eintlik begin by die nagmaalstafel wanneer hy as diaken die tekens van brood en wyn met sy gebruiklike witdas saam met die ander diakens onder die gemeente uitgedeel het.

Hy wou altyd in sy geloof groei, in sy verstaan van die Skrif verdiep en die wat die Bybel hom geleer het prakties uitleef – 'n passie wat hom verteer het. Dikwels is daar gesels oor sy vroegoggendstiltetye. 'n Ywer om die werksaamhede van sy geloofsgemeenskap in stand te hou en te laat groei. Hy het selfs 'n kosbare bydrae by 'n ringsitting gelewer.

As boer het hy latere jare as Damara-teler opgang gemaak en was ook intens betrokke by die Damaratelersgenootskap. Die laaste tye het hy 'n paar kwaliteit Meatmaster-ramme ingekoop om sy Meatmaster-stoetery se genetika en gehalte te verbeter.

Met gawes en talente het hy die lewe voluit geleef. Sy vormende skooljare het tot sy menswees bygedra, 'n hart wat omgegee het en beweeg kon word. 'n Hand om te help en 'n oor wat kon luister. Al is daar met hom verskil, was die verskil nie altyd 'n geskil nie. So het hy waarde en statuur bygevoeg in die lewens van sy eggenote, gesin, familie en die breë Namibiese landbou- en geloofsgemeenskap. ”

# NG Aroab

## Basaar

Daar is darem iets besonders aan 'n gemeentebasaar. Dis vroeg opstaan, baie hande wat werk, vleis wat verwerk moet word, aartappels wat geskil word en natuurlik die lekker saamkuier wat tussen al die gewoel deur gebeur.

By Aroab NG Gemeente se basaar was dit vanjaar weer nie anders nie. Een van die wyke het vier ekstra slaggoed vir die braaivleis gegee, met die boude wat sommer ook ingespan is vir sosaties.



'n Ekstra gemsbok het sy weg na die sosaties en wors gevind – en toe die werk klaar was, het 'n allemintige 800 sosaties en 30 kg wors gereed gestaan!

Saam met die vleis wat uit die gemeente gekom het, was daar meer as genoeg vir die basaar. Daar het selfs 'n bietjie oorgebly wat vir die veiling gebruik kon word. En dan was daar die aartappelslaai ... dié het behoorlik gevlieg! Dit was vroeg reeds uitverkoop, so volgende jaar kan daar beslis 'n paar ekstra bakke gemaak word. Die pap het ongelukkig nie dieselfde aftrek gekry nie. Dalk moet die ou bekende roosterbrood volgende keer maar weer sy plek langs die braaivleis inneem.


'n Basaar gaan uiteindelik oor veel meer as sosaties, wors en aartappelslaai. Dit gaan oor mense. Mense wat vroeg opdaag, moue oprol, saamwerk, bydra en sommer diep in hulle sakke steek wanneer dit nodig is.
Daarom 'n opregte dankie aan elke wykslid en gemeentelid wat gehelp, gegee en gewerk het. Dit is 'n voorreg om deel te wees van 'n span wat saam kan werk, saam kan lag en saam kan dien.
Só word daar tussen die braaivleisvure, sosatiestokkies en lekker saamkuier ook aan die koninkryk van ons Vader gebou.

# Gemeenskap

# DEGNOS

Wat gebeur in ons gemeenskapsprojek te?

"Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander". - Filippense 2:4 -



**Ds Andries Gous getuig oor DEGNOS se werksaamhede**



## Van Luhebu-Noord na Platfontein – geloof wat oor grense heen hande vat

Daar is iets besonders aan die pad wat die Here met die gemeenteleiers van Luhebu-Noord stap. Baie van hulle ontvang opleiding as standplaasleraars – opleiding wat nie altyd maklik is nie.

Taal bly een van die grootste uitdagings. Die opleiers kan nie die studente se moedertale praat nie, terwyl sommige studente op hulle beurt moet leer, lees, vrae verstaan en selfs eksamen skryf in Afrikaans of Engels – tale wat nie hulle moedertaal is nie. Gelukkig is daar studente wat gemaklik tussen Afrikaans, Engels en hulle eie moedertaal kan beweeg en só 'n kosbare brug tussen dosent en student vorm. Ds. Amon Petrus en Smith speel ook 'n belangrike rol deur studente in hulle moedertaal by te staan.

Maar dit is juis tussen die gesukkel met vreemde woorde en moeilike vrae dat iets besonders sigbaar word. Een student, vir wie Afrikaans steeds baie vreemd is, sit dikwels op die punt van haar stoel, vooroor geleun en met groot oë, vasbeslote om soveel moontlik te verstaan. Wanneer sy klasopening doen, is haar boodskap eenvoudig en raak: 'n gepaste Skrifgedeelte, 'n kort uitleg en dan die toepassing:
"Nou kom ons gaan doen dit met die hulp van ons Here."

'n Ander student het in trane vir een van die opleiers gesê: "As die Here my tog maar net kan help om die Bybel te lees."
Dit is miskien juis hier waar 'n mens iets van die hart van hierdie opleiding raaksien. Dit gaan nie bloot oor hoeveel Bybelkennis iemand kan weergee nie. Dit gaan oor mense wat die Woord al beter leer ken, dit binne hulle eie omstandighede leer verstaan en dan daarmee gaan leef en getuig.
Een van die opleiers vertel dat hy dikwels verbaas staan wanneer studente wat met die taal worstel, juis die insigvrae beter as die kennisvrae beantwoord. En wanneer 'n student dan vertel hoe sy by die huis van die Here se genade getuig, besef 'n mens weer: die Evangelie is reeds aan die beweeg.
Dit is vanuit hierdie agtergrond dat 'n groep van 14 gemeenteleiers van die Luhebu-Noord-gemeente, onder leiding van ds. Jafet Moyo, die lang pad na Platfontein buite Kimberley in Suid-Afrika aangepak het.
Dit was gewis nie sommer net 'n gewone kerkreis nie.
Op Platfontein woon 'n !Kung-gemeenskap met wie die !Kung van Namibië 'n besondere geskiedenis deel. Die doel van die besoek is om mekaar te ontmoet, bande te versterk en veral saam te praat oor kerkwees.

Die leiers van Luhebu-Noord stel dit eintlik baie eenvoudig: "*Ons wil ons mense op Platfontein gaan help om self kerk te wees.*" Die besoek het gegroei uit gesprekke tussen DEGNOS, die Sendingkantoor van die Vrystaatse Sinode en die Noord-Kaapse Sinode van die NG Kerk in Suid-Afrika. Danksy ruim finansiële ondersteuning, in besonder vanuit die NG Kerk Vrystaat, kon die reis 'n werklikheid word.

## Een volk, maar 'n geskiedenis wat hulle uitmekaar gedryf het

Om te verstaan waarom hierdie ontmoeting so besonders is, moet 'n mens iets van die geskiedenis van die !Kung ken. In 1974 het !Kung-mense wat as soldate in die Portugese weermag in Angola gedien het, na die destydse Suidwes-Afrika gevlug nadat Portugal hom aan Angola onttrek het. Baie van hulle is later in die Suid-Afrikaanse Weermag opgeneem en het tot met die onttrekking van die Suid-Afrikaanse Weermag uit Namibië in 1989 as soldate gedien. Met dié onttrekking het 'n moeilike keuse gevolg. Soldate en hulle families moes besluit of hulle in Namibië sou agterbly of saam met die Suid-Afrikaanse Weermag na Suid-Afrika sou verhuis.

## Gemeenskap DEGNOS (vervolg)




So het oorlog en politieke omstandighede families en gemeenskappe wat aan mekaar behoort, oor landsgrense heen van mekaar geskei. Sommige het in Namibië agtergebly, terwyl ander hulle uiteindelik op Platfontein gevestig het.
En nou kruis die paaie weer – hierdie keer rondom hulle gedeelde geloof.

### Wanneer kerkwees grense oorsteek

Dit is juis wat hierdie besoek soveel meer as net nóg 'n konferensie maak.
Die groep van Luhebu-Noord gaan saam met kerkleiers van die !Kung Alfa-gemeente op Platfontein kuier, luister, gesels, leer en nadink oor die pad vorentoe. Een van die belangrike gesprekke gaan oor hoe !Kung-gemeentes 'n sterk en eiesoortige kerkidentiteit binne die breër verband van die NG Kerk kan ontwikkel. Daar is iets besonders hierin: mense wie se geskiedenis deur oorlog en landsgrense uitmekaar getrek is, ontmoet mekaar rondom die Evangelie.

Vir DEGNOS is dit 'n mooi voorbeeld van wat moontlik word wanneer die kerk oor sy eie grense begin kyk. Waar die geskiedenis mense van mekaar geskei het, kan die Evangelie weer ruimtes skep waar mense mekaar vind, saam luister en nuwe bande bou.

### Nie net ontvang nie, maar ook uitreik

Daar is nóg iets besonders aan hierdie verhaal. Luhebu-Noord is self 'n gemeente wat steeds groei en op pad is na groter selfstandigheid. 'n Mens sou dus maklik kon redeneer dat hulle genoeg uitdagings van hulle eie het om hulle besig te hou. Maar hulle kies om uit te reik. Dit herinner ons daaraan dat 'n gemeente nie eers groot, sterk of ryk hoef te wees voordat hy iets vir ander kan beteken nie. Ons ontvang die Evangelie, maar ons dra dit ook verder. Ons word bedien, maar word terselfdertyd geroep om te dien.
Dit laat 'n mens opnuut dink aan Jesus se woorde in Matteus 28: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies ..."
Hier kry daardie opdrag hande en voete – 'n groep gemeenteleiers klim in 'n bussie en ry oor 'n landsgrens om hulle geloofsgenote te gaan ontmoet.

### Reis saam met hulle in gebed



Alex is die man agter die stuur van die bussie en dra die groot verantwoordelikheid om die groep veilig na Platfontein en weer terug na Namibië te bring.

DEGNOS nooi daarom vriende en ondersteuners uit om hierdie reis ook 'n gebedsreis te maak. Bid vir ds. Jafet Moyo en die 14 gemeenteleiers. Bid vir Alex en veilige kilometers. Bid vir die !Kung-gemeenskap op Platfontein. En bid veral vir die gesprekke, ontmoetings en verhoudings wat gedurende die tien dae gevorm en verdiep sal word.

Die program vir die tien dae word hierby ingesluit sodat gebedsondersteuners kan volg waarmee die groep besig is en doelgerig kan saambid.
Mag hierdie "vuur-aansteek"-geleentheid presies dit doen: nuwe entoesiasme vir die Evangelie aansteek, mense nader aan mekaar bring en gemeentes versterk.
En mag die vuurtjie wat op Platfontein aangesteek word, nog lank bly brand.

# Gemeenskap



## Kunene vir Christus

Projek by Pionierspark Gemeente






deur

**Erik van Zyl**

Leraar van Pionierspark in Windhoek, Voorsitter van Sentraal-Ooste Ring, Begeleier by Kunene vir Christus



**Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie verhinder nie**
**- Markus 10:14 -**


# Verjaar

Die volgende lidmate verjaar:



| | |
|---|---|
| **20 Augustus**<br>• De Wet Mouton (Otavi) | **21 Augustus**<br>• Elana Redelinghuys (Walvisbaai Moeder) |
| **24 Augustus**<br>• Wilmie Theron (Rundu)<br>• Dubois du Toit (Suiderhof) | **29 Augustus**<br>• Wynand Fourie (Sinode) |
| **1 September**<br>• Izanne Louw (Gobabis) | **11 September**<br>• Mariaan Maritz (Okahandja) |
| **15 September**<br>• Leviet Kxao (DEGNOS) | **17 September**<br>• Bianca McKenzie (Swakopmund) |

# Lidmate



## Lief en Leed

**Ons dink in ons gebede aan die volgende lidmate en hul geliefdes**

- **Ellen Burger** (Leonardville) met die skielike heengaan van haar man Floors. So ook die Leonardville gemeenskap.
- **Koos Keyser** (Windhoek-Oos) en sy seun Duif probeer aansterk na virale ongesteldhede.
- Ons dink in ons gebede aan die Okahandja gemeente en gemeenskap met die afsterwe van 'n hele paar lidmate in 'n kort tydperk.

Ons bid vir al ons lidmate wat deur moeilike tye gaan, siek is of verliese beleef.

# Uit die Annale

**Watter fondse word in die argief gevind?**



## Gechloneerde koolwaterstof en tieners meng nie goed nie!

deur

**Clem Marais**

Argivaris NGKN



Die September-vakansie van 1982 sou 'n heerlike wegbreek wees vir 'n groepie tieners. Hulle was op pad na 'n ACSV-kamp op Gross Barmen.

Maar toe loop dinge skeef. Sommige kinders het 'n vreemde reaksie getoon. Daar het rusteloosheid, spierkrampe, maagpyn, hiperventilasie, duiseligheid en selfs delirium by kinders voorgekom.

Die NG Kerk se Jeugkantoor was by die kamp betrokke, en dié gebeure het behoorlik 'n gefladder in die duiwehok veroorsaak. Tot die Toksologiese eenheid van die Tygerberse Hospitaal sowel as die Staatslaboratorium in die Kaap het betrokke geraak.

Die konsensus was dat die kampeerders op een of ander manier blootgestel is aan gechloneerde koolwaterstof, en dat dit by sommige tot vergiftiging aanleiding gegee het.

Dié gifstowwe kom in insekdoders voor. Dit word deur die vetselle in die brein opgeneem sodat pasiënte nog vir 'n lang termyn simptome kan vertoon. Die bron van die toevallige blootstelling was waarskynlik een of ander soort insekdoder.

Die Sinodale Jeugkommissie het onder handtekening van ds Andrie Kilian 'n verklaring uitgereik waarin hulle onderneem het om in oorleg met die ACSV toe te sien dat toekomstige kampe met nog groter noulettenheid hanteer sal word.

Bron: SJK Verklaring in Rekord S16

# Amptelik




## Bevestiging binne gemeentes

**Ds Louwrens Muller** (Pionierspark), is as diensleraar by Pionierspark in Windhoek bevestig op Sondag 26 Julie 2026. Hy, sy vrou, Jacorien en hulle kinders is verwelkom. Die bevestiging met handoplegging is deur ds Erik van Zyl gelei.

**Dr Zachery Chalwyn Pienaar** (Sinode), is in 'n gekoppelde leraarspos by Windhoek-Oos bevestig op Sondag 9 Augustus 2026. Hy, sy vrou Elaine, hul twee dogters, skoonseun en kleinkinders is verwelkom. Die bevestiging met handoplegging is deur dr Eddie Turner gelei.

**Sinodale Kantoor Gesluit:** Neem asseblief kennis dat die Sinodale kantoor op Maandag tot Woensdag 24 -26 Augustus 2026 gesluit sal wees. Die kantoor is weer oop Donderdag oggend 27 Augustus 2026.



# Advertensies



# Grapjas




# Laaste Woord



**Aan Hom,
wat deur Sy krag wat in ons werk, die mag het om oneindig meer te doen as alles wat ons bid of dink, aan Hom kom toe die heerlikheid in die kerk en in Christus Jesus, deur alle geslagte heen, vir ewig en ewig. Amen.**

**- Efesiërs 3:20-21 -**

# Kontak ons

**Algemene Sekretaris**
Annelien Muller
Tel: 081 6465 745
ngkerknamibie@gmail.com

**Sinodale Kantoor Admin**
Lana van Zyl
Tel: 081 246 6560
fin@ngkn.com.na

**Sinodale Kantoor Adres**
Schanzenweg 45A
Windhoek
Ma - Vr, 08h30 - 13h00

**Bankbesonderhede**
Bank Windhoek
1027392201
NG Kerk in Namibia

**Argief**
Clem Marais
ngkn.argief@outlook.com

**Teologiese Opleiding**
Wynand Fourie
Tel: 081 600 6333
vinowf@gmail.com

**Missionale Diakonaat**
Leon Fourie
Tel: 081 255 8683
leonkalahari@gmail.com

**Klein Gemeente Ontwikkeling**
Zack Pienaar
Tel: 081 226 6246
zackpienaar68@icloud.com

**Kerkreg**
Hendrik Kruger
Tel: 081 124 9428
hendrik.kruger@namibia-pmc.com

**Moderator**
De Wet Strauss
Tel: 081 242 3867
dewet@afol.com.na

**Assessor**
Dries Burger
Tel: 081 251 8088
dries@iway.na

**Suide Ring**
Christo van Heerden
Tel: 081 299 0478
christohendrik5@gmail.com

**Noorde Ring**
Christo Groenewald
Tel: 081 129 3356
christo@rubiconsec.com

**Erongo Ring**
Werner Redelinghuys
Tel: 081 805 0626
wernervdm@iway.na

**Sentraal Ooste Ring**
Erik van Zyl
Tel: 081 149 3092
erikvz61@gmail.com